Die Kaalvoetvrou

Dr Annie Antonites



Liewer kaalvoet terug oor die Drakensberge as om onder Britse gesag te staan.
(Susanna Smit, 1842)

Op 'n koue wintersoggend in Julie 2017 het ek haar vir die eerste maal gesien. 60 kilometer buite Harrismith in die Vrystaat het sy alleen gestaan langs die Retiefpas wat bo-oor die Drakensberg loop – die Kaalvoetvrou. Kerkenberg Retiefklip – waar Deborah Retief in 1837 haar bekende Voortrekkerpa se naam met groen olieverf op 'n klip geskryf het – is ook daar naby geleë. 'n Voortrekkerbaken op die kruin van die Drakensberg was eenmaal die droom van 'n man genaamd Fanie Maree. Hy was die eienaar van die plaas Blijdevooruitzight – die plek waar die Retief-Trek se mense gestaan en afkyk het na die land waarheen hulle geglo het God hulle gelei het.

Die inspirasie vir die standbeeld word mooi opgesom in die onthullingsprogramblad: *Die gedagte om die Retief-Trek te gedenk het ontstaan op 20 November 1965 toe Voortrekkerleiers, historici en ander die roete oor Retiefpas nagespoor en gebaken het. By die geleentheid het Oom Fanie Maree en Oom Piet Geyer op 'n rots op die kruin van Retiefpas gesit en diep oor dié gebeurtenis gesels. Hulle twee belowe vir mekaar: hier op Blijdevooruitzight moet 'n gedenksuil opgerig word. Na jare van beplanning is Oom Fanie se idee van 'n Vrouebeeld deur die Gebiedsbestuur van die Vrystaatse Voortrekkers aanvaar. Die Vrouebeeld na aanleiding van mev Erasmus Smit se woorde aan die Britse Kommissaris in 1842: Meneer Cloete … al moet ons ook kaalvoet oor die Drakensberge loop, sal ons nie onder die Britse vlag berus nie.*

Die bronsbeeld is in 1977 deur die Vrystaatse Voortrekkerbeweging opgerig om, volgens die *Afrikanerbakens*-inskrywing, *die moed en daadkrag van die Voortrekkers, en veral die onverskrokkenheid en deursettingsvermoë van die vroue, uit te beeld*. Alfonso Smuts se vaardigheid as beeldhouer en die goed geplaasde staanplek op die berg vang hierdie doel op 'n besondere manier vas.

In 2002 het die Vrystaatse Voortrekkers die versorging van die beeld aan die Voortrekkermonument oorgedra. Die grond waarop die terrein geleë is, is egter steeds in privaatbesit. Die bestuur van die beeld,

en die nabygeleë Kerkenberg Retiefklip – waar Piet Retief se naam steeds sigbaar is – is toe weer in 2012 deur die Voortrekkermonument aan die Erfenisstigting toevertrou.

Familiefoto's as historiese bron

Vroeër hierdie jaar is foto's van die beeld se oprigting en onthulling in 1977 aan die Erfenisstigting se Argief geskenk. Die fotoalbum was oorspronklik slegs die "bewaarplek" van familieherinneringe aan 'n spesiale geleentheid, maar dien nou as waardevolle bron vir die bewaring van die beeld se geskiedenis. Die foto's vertel die storie van die proses om die beeld in haar posisie te plaas – inligting wat voorheen nie aan die Erfenisstigting bekend was nie.

Klein getikte en handgeskrewe notas wat onder die foto's vasgeplak is, vertel wie verantwoordelik was en hoe hulle te werk gegaan het. So verneem 'n mens dat die ysterspeke wat om die voete van die beeld ingemessel is, só gedoen is om te keer dat beeste die beeld beskadig. Theunis Corver, wat met hierdie idee vorendag gekom het, is blykbaar met die *Orde van die Vriend van die Voortrekkers* en 'n erepenning deur die Orde vir sy werk vergoed.

Volgens die foto's lei 'n mens af dat die onthulling van die beeld op 10 Oktober 1977 onder koue en nat toestande plaasgevind het. Oudpresident CR Swart, wat die wydingsrede tot die onthulling gegee het, staan onder 'n sambreel in 'n warm knielengte grys jas tussen 'n groep Voortrekkertjies in reënjasse geklee. In 'n pamflet van die Harrismith Voortrekkerkommando wat saam in die fotoalbum bewaar is, word die onvoorsiene gevolge van daardie reënweerjare later soos volg beskryf: … *en toe kom daardie reëndag met die onthulling van die Kaalvoetvrou. Daar is tente opgeslaan vir die bejaardes en moeders met babas, en hulle het oor 'n duisend mense verwag wat daar op die kruin van Blijdevooruitzight moes saamtrek. Beeste is geslag en baie voorbereidings is getref om vir al die mense kos te gee, maar van die busse het liewer by die grootpad omgedraai as om die modderpaaie aan te durf. Op die manier is daar werklik skade gely met hope kos wat oorgebly het in 'n tyd toe daar nie vrieskaste was om dit in te berg nie.*

Foto's beskik oor die vermoë om die "menslikheid" terug te bring na die somtyds abstrakte of onpersoonlike gevoel van 'n standbeeld of monument. Die groep mense wat in die argieffoto's verskyn, was persoonlik betrokke by die Kaalvoetvrou se oprigting en moes in daardie stadium 'n sterk historiese of erfenisbewussyn ervaar het. Die dames geklee in Voortrekkerdrag tydens haar onthulling kon hulself dalk in daardie oomblik met háár uitdagings as vrou vereenselwig. In daardie foto's staan sy nie alleen nie, maar is omring deur mense wat diep deur haar opofferings en waagmoed aangeraak was. Dit is juis daardie meegevoel wat mense aanspoor om standbeelde en monumente op te rig om sodoende hul erfenis te gedenk en te bewaar.

Dit is moeilik om jouself as moderne wêreldburger in die skoene van 'n Voortrekkervrou te sit – maar die broosheid van dié figuur daar op Retiefpas laat tog 'n blywende indruk. Veral in hierdie maand waarin ons die rol van Suid-Afrikaanse vroue vereer, kan ons opnuut besin oor daardie eienskappe wat die Kaalvoetvrou versinnebeeld.